education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 6

AFRIKAANS HUISTAAL

VOORBEELDTOETS

MAART 2024

2024

TYD: 1½ UUR

Punte: 50

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES AAN LEERDERS

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE vrae:

• VRAAG 1:	Leesbegrip:	Punte: 20
• VRAAG 2:	Begrip van visuele teks	Punte: 10
• VRAAG 3:	Taalstrukture en –konvensies	Punte: 20

3. Lees AL die instruksies en die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Trek ‘n lyn na elke voltooide vraag.

6. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

VRAAG 1: LEESBGRIP

Lees die onderstaande koerantberig en beantwoord die vrae.

Die kat kom weer…15 jaar later

1. ’n Kat wat 15 jaar gelede verdwyn het, is met haar eienaar herenig.
2. Brandy is verlede week Maandag met Charles herenig. Charles, van Los Angeles in die VSA, het haar in 2005 as ’n twee maande oue babakatjie aangeneem.
3. Brandy is verlede week Sondag in Palmdale, sowat 65 km van Charles se huis, gevind. Sy het net ’n paar maande ná Charles haar aangeneem het, verdwyn.
4. “Ek het gehoop iemand het haar opgetel en dat hulle na haar sal omsien. Ek raai dis presies wat gebeur het.”
5. Charles het later verhuis en nog twee jong katjies aangeneem.
6. Die Los Angeles DBV en ’n maatskappy wat destyds die mikroskyfie in Brandy ingeplant het, het hom Sondag gekontak. Al het hy verhuis, was sy selfoonnommer was nog dieselfde.
7. “Ek was baie skepties nadat ek die oproep gekry het,” het Charles gesê.
8. Hy het die Maandagmiddag gery om Brandy te gaan sien. Hy kon nie sy oë toe hy sien dat dit sy verlore kat was nie. Sy was ouer en goed versorg.
9. Charles vermoed iemand het haar as ’n babakatjie gevind, maar nooit moeite gedoen om die eienaar op te spoor nie. Die nuwe eienaar het ook moontlik verhuis en Brandy het vir tweede keer verlore geraak.
10. Brandy kan nie saam met Charles en die ander twee katte in sy eenslaapkamerwoonstel bly nine. Sy bly by Charles se sussie, wat naby hom woon

en hy gaan kuier gereeld vir haar. Hy vat altyd iets saam om vir Brandy bietjie te bederf. Sy is natuurlik mal daaroor!

11. Wat 'n gelukkige einde vir Brandy en Charles.

Bron: Maroelamedia 2021/03/0

Vrae:

1.1 Wat het Charles vermoed het met Brandy gebeur? (1)

_____

1.2 Hoe lank nadat Charles vir Brandy aangeneem het, het sy verdwyn? (1)

_____

1.3 In watter toestand was Brandy nadat sy gevind is? (2)

_____

1.4 Hoe ver vanaf Charles se huis is Brandy gevind? (1)

_____

1.5 In watter staat is Los Angeles geleë? (1)

_____

1.6 Wat beteken dit om te verhuis? (1)

_____

1.7 Wat is die nut daarvan om 'n mikroskyfie in jou troeteldier te laat inplant? (1)

_____

1.8 Verduidelik hoe die opskrif verband hou met die hoofgedagte van die artikel. (1)

_____

1.9 Is die volgende stelling 'n feit of 'n mening? Gee 'n rede vir jou antwoord.
Ek dink dat iemand die kat gesteel het. (2)

_____

_____

1.10 Wat beteken dit dat Charles “skepties” was? (1)

A Hy was bly om te hoor dat Brandy gevind is.

B Hy het nie geglo dat Brandy gevind is nie.

C Hy was hartseer omdat Brandy weggereek het.

D Hy het kos vir Brandy in ‘n bakkie geskep.

1.11 Waarom dink jy het Charles nog twee jong katjies aangeneem na Brandy se verdwyning? (1)

_____

1.12 Noem EEN funksie of dienste verrig die DBV. (1)

_____

1.13 Watter woord in papagraaf 9 beteken dieselfde as gedink? (1)

_____

1.14 Waarom dink jy kon Brandy nie weer by Charles bly nie? (1)

_____

1.15 Dink jy dat die inligting in die berig waar is? Motiveer jou antwoord. (2)

_____

_____

1.16 Dink jy dat Charles lief is vir sy katte? Gee ‘n rede vir jou antwoord (2)

_____

_____

Punte :20

VRAAG 2: VISUELE TEKS

Lees die advertensie en beantwoord die vrae.

Vrae:

2.1 Wat word geadverteer? (1)

A. 1 ton hondekos

B. 'n hond

C. 'n projek

D. Capitec bank

2.2 Wat word ingesamel? (1)

_____

2.3 Hoeveel kilogram wil die organiseerdes met die projek insamel? (1)

_____

2.4 Waarom dink jy noem die organiseerdes dit die “1 ton projek”? (1)

_____

2.5 Wat gebruik die adverteerder om mense se emosies aan te raak? (1)

_____

2.6 Wie is die organiseerders van die projek? (1)

_____

2.7 Hoe kan mense die projek ondersteun? (1)

_____

2.8 Dink jy dat die advertensie aan die vereistes van ‘n goeie advertensie voldoen? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

_____

2.9 Watter tipe mense sal die projek ondersteun?

_____ (1)

Punte:10

VRAAG 3: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Lees die dagboekinskrywing en beantwoord die vrae:

10 Februarie 2020

Ek kan dit nie doen nie. Ek sal nooit voor die hele klas kan praat nie. Juffrou het gesê dat ons **more** (3.3.1) ‘n konsert in die klas moet opvoer. Ek is so bang om dit te doen, ek voel eintlik naar en my **mont** (3.3.2) is droog en my **kniee** (3.3.3) is lam. Miskien moet ek maar die volgende dag skoolsiek wees. Ek wens ek kon so goed soos Thebo praat. Ek weet almal gaan vir my lag. Dalk moet ek ‘n stupid liedjie sing. Dan kan almal my maar spot, lag en klaarkry.

11 Februarie 2020
O, ek was toe verniet bang. Ek kon dit nie glo toe almal in die klas die snaakse woorde van die liedjie geniet het nie. hulle het saamgeklap gesing en gedans Niemand het vir my gelag nie. Ek kan dit nou nog nie glo dat Thebo dit ook geniet het nie. Volgende keer gaan ek nie bang wees nie. Nou weet ek, ek kan.

Vrae

3.1 Verdeel die woord “liedjie” in lettergrepe en onderstreep die oop lettergreep. (2)

_____

3.2 Kyk na die twee onderstreepte sinne in die inskrywing van 10 Februarie. Skryf twee werkwoorde wat in die sinne voorkom neer. (2)

_____

3.3 Skryf die regte spelling van die **vetgedrukte** woorde in die eerste paragraaf.(3)

3.3.1_____

3.3.2_____

3.3.3_____

3.4 Kies die regte spelling:

3.4.1 bloed / bloet (1)

3.4.2 fluks/ vluks (1)

3.5 Skryf die onderstreepte sin in die inskrywing van 11 Februarie oor en vul die regte leestekens in. (3)

_____

3.6 Tydsvorme:

In watter tydsvorm is die volgende sin?

3.6.1 Ek is so bang om dit te doen. (1)

_____

3.6.2 Skryf die sin in die toekomende tyd.

Ek is so bang om dit te doen. (2)

_____

3.7.1 Gee die afkorting vir Februarie? (1)

_____

3.7.2 Waarom word die woord met ‘n hoofletter geskryf? (1)

_____

3.8 Gebruik ‘n agtervoegsel om die woord lag na ‘n verkleinwoord te verander. (1)

_____

3.9 Wat is die basisvorm (stam) van ‘gedans’? (1)

_____

3.10 Gee ‘n antoniem vir ‘bang’. (1)

_____

Punte:20

GROOTTOTAAL: 50